**Genade vir julle en vrede (OP265)**

**Romeine 1:1-7**

**2 Augustus 2026**

Laasweek het ons oorsigtelik na die boek Romeine gekyk. Ons het opgelet dat baie groot gelowiges deur die eeue heen al die kosbare waarde van die boek Romeine besing het. Ons het geleer dat Paulus onder die leiding van die Heilige Gees die skrywer van die boek was. Hy het dit in die laat 50's nC geskryf teen die einde van sy derde sendingreis toe hy vir 'n paar maande in Korinte gebly het, terwyl hy op pad was na Jerusalem om die gawes van die gemeentes in Masedonië te gaan oordra. Paulus se brief aan die Romeine is uniek in die sin dat dit 'n brief was wat gerig was aan 'n gemeente wat Paulus nie gestig het nie, en 'n gemeente wat hy ook nog nooit besoek het nie. Die brief was in voorbereiding op sy beplande besoek aan hierdie gemeente – hy het beplan om van Jerusalem via Rome na Spanje te reis. Hy het beplan om dan die gemeente in Rome te besoek. Ons het ook daarop gelet dat bestudering van hierdie boek groot waarde het: Dit het intellektuele waarde, teologiese waarde, geestelike waarde en ook praktiese waarde.

Vandag wil ek graag in meer detail na die aanhef van die brief kyk – ons vind dit in Rom 1:1-7. As jy na die 2020 DAV kyk, sal jy sien hierdie sewe verse is een sin. En dit is een sin wat baie kosbare detail bevat. Maar die detail kan verwarrend wees. So kom ons probeer om die struktuur van Paulus se aanhef te verstaan. Die tipiese struktuur van die aanhef van briewe destyds was: Van X, aan Y: Groete. En dit is ook die struktuur van Paulus se aanhef: Paulus (v1), aan die geliefdes (v7): Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus. Wat Paulus se aanhef meer kompleks maak, is dat hy op verskeie dele van hierdie aanhef in meer detail uitbrei:

- In v1, brei hy uit op homself
- Ook in v1 terwyl hy besig is om oor homself uit te brei, verwys hy na die evangelie – en in v2-4 brei hy vervolgens uit oor die evangelie
- In v5 keer hy terug na homself, en brei nog verder uit oor homself
- In v6-7 brei hy uit oor die geliefdes aan wie hy skryf
- En teen die einde van v7 bereik hy uiteindelik sy seëngroet.

Wat ek vandag by wil stilstaan, is die volgende: (1) Hoe Paulus homself beskryf in hierdie aanhef, (2) Hoe Paulus die evangelie beskryf, (3) Hoe Paulus die geliefdes aan wie hy skryf, beskryf, en (4) Paulus se seëngroet.

<u>Hoe Paulus homself beskryf (Rom 1:1, 5)</u>

Paulus gebruik in die aanhef 4 terme om homself te beskryf:

- 'n Dienskneg van Christus Jesus (v1) – Paulus beskou homself as 'n dienskneg of 'n dienaar van Christus Jesus. Met hierdie uitdrukking wil Paulus erken dat hy homself geheel en al onderwerp aan die Here Jesus se gesag. Soos wat 'n dienskneg doen wat sy eienaar van hom verwag, so is Paulus bereid om te doen wat die Here Jesus as sy Eienaar van hom verwag. Boonop, soos wat 'n dienskneg ook geheel en al afhanklik is van sy eienaar, so erken Paulus hy is ook geheel en al afhanklik van die Here Jesus. Hy verklaar dus dat hy alles sal doen wat die Here Jesus van hom verwag, maar ook dat hy in dit alles totaal afhanklik is van die Here Jesus.

- ’n Geroepe apostel (v1) – Paulus beskryf homself ook as ‘n geroepe apostel. In die Nuwe Testament word die term “apostel” tipies gebruik vir die twaalf apostels plus Paulus. Hendriksen gee ‘n waardevolle beskrywing van vyf eienskappe van ‘n apostel:
    - Die apostels is deur die Here Jesus self gekies, geroep, aangestel en uitgestuur. In die evangelies lees ons hoe die Here Jesus self die dissipels gekies en aangestel het (bv Joh 6:70 “Het Ek nie julle twaalf uitgekies nie?”). Dit was ook Hy wat hulle uitgestuur het (Mat 28:19-20)
    - Die apostels is ook deur die Here Jesus self toegerus vir hulle roeping as apostel deurdat hulle getuies was van Sy lering en dade (bv 1 Kor 9:1 “Is ek nie ‘n apostel nie? Het ek dan nie Jesus, ons Here, gesien nie?”)
    - Die apostels het ook ‘n spesiale werking van die Heilige Gees ervaar wat hulle in die volle waarheid ingelei het (bv Joh 14:26 “Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het”)
    - Die Here het die werk van die apostels besonderlik geseën, onder andere ook deurdat hulle tekens en wonders gedoen het (bv Hand 2:43 “... baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind”)
    - Die werk van die apostels was tot voordeel van die hele kerk, en nie beperk tot net ‘n enkele plaaslike kerk nie. Verder was hulle roeping as apostel ook ‘n lewenslange roeping.

  Alhoewel Paulus nie een van die twaalf dissipels was tydens die Here Jesus se lewe hier op aarde nie, weet ons dat Paulus deur die Here Jesus self geroep was op die pad na Damaskus, waar Hy die Here Jesus gesien het. Sy briewe is bewys daarvan dat hy ‘n spesiale werking van die Heilige Gees ervaar het wat hom in die volle waarheid ingelei het. Daar was ook besondere seën op Paulus se werk, wat tot voordeel van die hele kerk was. Hy was getrou in hierdie roeping sedert sy roeping op pad na Damaskus tot aan die einde van sy lewe. Ons kan dus met gemak sê dat Paulus inderdaad ‘n apostel was.

- Afgesonder vir die evangelie van God (v1) – Paulus was oortuig hy was eenkant gesit juis vir die evangelie, oftewel die goeie nuus, van God. Ons sal netnou in meer detail kyk hoe Paulus uitbrei op die inhoud van die evangelie.
- Apostel vir die heidenvolke (v5) – Lees v5. Paulus was oortuig dat die feit dat hy ‘n apostel was, was uit en uit ‘n genadegawe – hy het dit nie verdien nie, dit was nie sy eie vermoëns wat hom in staat gestel het om dit te doen nie – nee, dit was die genade van die Here. Boonop was dit ook nie tot sy eie voordeel nie – die einddoel van Sy apostelskap was die eer van die Here. Hy was ook in besonder geroep om apostel te wees onder die heidennasies. Ons lees van hierdie besondere roeping in Paulus se beskrywings van sy bekering op pad na Damaskus: In Hand 26:16-18 lees ons dat die Here Jesus die volgende aan Paulus gesê het: “Maar kom op jou voete, staan regop, want hiervoor het Ek aan jou verskyn: om jou aan te stel as dienskneg en getuie van dit wat jy van My gesien het en van dit waarvoor Ek nog aan jou sal verskyn. Ek sal jou red uit jou volk en van die heidene na wie Ek jou stuur, om hulle oë oop te maak, sodat hulle hulle van die duisternis na die lig kan draai, en van die mag van Satan na God, en ook dat hulle, deur geloof in My, vergewing van sondes en ‘n erfdeel saam met die geheiligdes kan ontvang” en in Hand 22:21 “Gaan, want Ek wil jou ver weg stuur na die heidene”.

Geliefdes, ons moet dit nie mis nie: Ons beplan nou om geruime tyd in die boek Romeine te spandeer. Ons moet verstaan hoe kosbaar hierdie boek is: Dit is geskryf deur Paulus. Maar Paulus was ‘n dienskneg van die Here Jesus, as dienskneg is Hy deur die Here Jesus self geroep as apostel,

Hy is deur die Heilige Gees toegerus om die volle waarheid te verstaan, en hy is deur die Here Jesus juis gestuur na die heidennasies – waarvan ons deel is. En na 20 jaar van uitdra van die evangelie aan hierdie heidennasies, skryf hy die brief aan die Romeine – 'n gemeente wat hy nie persoonlik geken het nie – netsoos hy ons ook nie persoonlik ken nie. Maar daarom skryf hy juis breedvoerig – sodat hulle en ons dit goed kan begryp. Na al die werk van die Here Jesus, die Heilige Gees en Paulus om hierdie brief daar te stel, is die minste wat ons kan doen om dit in diepte te bestudeer.

<u>Hoe Paulus die evangelie beskryf (Rom1:2-4)</u>

Die volgende uitbreiding in Paulus se aanhef handel oor die evangelie. Lees vers 1b-4. Paulus sê hy is afgesonder vir die evangelie van God – hierdie evangelie kom dus van God, Hy is die Outeur daarvan.

In vers 2 maak Paulus die stelling dat hierdie evangelie van God reeds in die heilige Skrifte deur die Here se profete beloof is. Die "heilige Skrifte" waarna Paulus verwys is natuurlik die Ou Testament. Direk wil Paulus dit baie duidelik maak dat die evangelie nie 'n nuwigheid is wat eers in die Nuwe Testament na vore kom nie, nee, die Ou Testament het al vooruit aangekondig dat dit kom. Die evangelie vloei logies voort uit die Ou Testament. Trouens, elke deel van die Ou Testament getuig oor die evangelie. Dink maar net aan die beloftes in Gen 3 – dit getuig oor die evangelie. Dink maar net aan die opbou in die verbonde van die Here deur die loop van die Ou Testament – dit bou op tot die volle realisering in die nuwe verbond. Dink aan die simboliek van die tabernakel en die offerdiens – dit kyk vooruit na die koms van die beloofde Messias. Dink maar net aan al die profetiese uitsprake oor die komende Messias. Paulus wil ook dat ons hierdie opbou moet raaksien, om sodoende die evangelie nog beter te verstaan. William Hendriksen beskryf die verband tussen die Ou en Nuwe Testament soos volg:

"The Old is by the New explained; The New is in the Old contained"

"The New is in the Old concealed, the Old is in the New revealed"

In verse 3-4 beskryf Paulus die inhoud van die evangelie. Vers 3 maak dit duidelik: die evangelie handel oor die Seun, hierdie Seun is die Seun van God. En dan gaan Paulus voort en beskryf hierdie Seun van God op twee maniere:

- Na die liggaam is die Seun van God uit die nageslag van Dawid gebore (v3). Natuurlik gryp dit terug na die Ou Testament, en meer spesifiek na die verbond met Dawid. In 2 Sam 7 het die Here aan Dawid beloof dat daar altyd Een uit sy nageslag op sy troon sal sit. "Jou huis en jou koningskap sal vir altyd bestendig wees voor My, jou troon sal vir altyd in stand bly." Ons lees ook daarvan in Eseg 34:24 "Ek, die Here, sal hulle God wees, en my dienskneg Dawid sal die leier in hulle midde wees. Ek, die Here, het gepraat." In Mat 1 lees ons die geslagsregister van die Here Jesus – Mat 1:1 sê: "Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham", en dan volg die geslagsregister in detail. Die Seun van God is inderdaad gebore uit die nageslag van Dawid. Hierdie geboorte van die Seun van God het natuurlik saamgeval met Sy menswording, en dus ook met Sy vernedering aan die begin van Sy koms na hierdie aarde.
- In vers 4 voeg Paulus nou by dat die Seun van God "na die Gees van heiligheid op grond van Sy opstanding uit die dood kragtig aangedui is as die Seun van God". Kom ons besin oor wat hierdie stelling beteken:
    - As ons lees van "die Gees van heiligheid" moet ons verstaan dit beteken die Heilige Gees – kyk na die onderskrif in die 2020 DAV, en dit is ook in lyn met hoe die meeste kommentatore dit interpreteer. Paulus se punt is dus dat die Seun van God

    deur die Heilige Gees op grond van Sy opstanding uit die dood kragtig aangedui is as die Seun van God.

  - Ons moet ook onthou dat die Here Jesus reeds die Seun van God was voor Sy menswording. Joh 1:1 leer tog dat die Woord, dit is die Here Jesus, reeds aan die begin (van tyd) was, en dat hy toe alreeds God was. Wat ook al die betekenis van Rom 1:4 is, dit kan nie beteken dat die Here Jesus eers met Sy opstanding uit die dood die Seun van God geword het nie.
  - Onthou ook dat die Gees van heiligheid, oftewel die Heilige Gees, alreeds in Christus was voor Sy opstanding uit die dood. Luk 1:35 leer dat die Heilige Gees oor Maria gekom het, en sodoende het sy swanger geword met die Here Jesus. Tydens die doop van die Here Jesus het die Heilige Gees soos 'n duif op Hom neergedaal (Luk 3:22). Ons lees dat Hy vol van die Heilige Gees was toe Hy deur die duiwel versoek is (Luk 4:1). Joh 3:34 sê dat die Here Jesus die Heilige Gees nie in geringe mate gehad het nie.

Wat bedoel Paulus dan met die woorde in vers 4: Dat die Here Jesus deur die Heilige Gees op grond van Sy opstanding uit die dood kragtig aangedui is as die Seun van God? Ons moet dit so verstaan: Voor die Here Jesus se menswording was Hy reeds God, was Hy reeds een van die Drie Persone in die Drie-Eenheid, was Hy reeds as die Seun van God in heerlikheid by die Vader. Maar toe word Hy mens – gebore uit die fisiese nageslag van Dawid. Dit het vernedering ingehou. Ja, voor Sy sterwe het Hy ook alreeds die Heilige Gees gehad. Steeds was Hy ook die Seun van God. Maar dit was verborge en nie duidelik sigbaar nie – ten minste nie vir die mense nie. Sy mensheid was voorop – dit is wat die mense gesien het. Tydens Sy openbare optrede het dit begin duidelik word: Hy is meer as 'n mens. Sy dade het dit gewys. Sy lering het dit bevestig. Mense het later selfs die vraag gevra of Hy nie dalk die Messias is nie. Maar dit was eers met Sy sterwe en veral met Sy opstanding dat dit klinkklaar duidelik geword het: Hy is nie net 'n mens nie. Nee, Hy is die Seun van God! Soos ons gesien het in ons bestudering van Johannes, was Sy sterwe, opstanding en hemelvaart deel van Sy verhoging, totdat Hy weer die heerlikheid gehad het wat Hy voor Sy menswording gehad het. Dit was juis met Sy opstanding uit die dood dat dit vir die mense baie duidelik geword het Hy is die Seun van God – dink maar aan Thomas se uitroep: "My Here en my God". Ja, die Here Jesus was die heeltyd die Seun van God – maar dit was sedert Sy menswording nie so duidelik nie. Maar toe Hy opstaan – toe word dit kragtig aangedui.

Paulus se punt is dus in vers 3 dat die Here Jesus verneder is toe Hy as mens uit die nageslag van Dawid gebore is – dit was nodig om die Ou Testamentiese profesieë te vervul, en om sodoende Sy versoeningswerk te kon doen. Maar dit was toe Hy opstaan uit die dood, dat die Heilige Gees dit kragtig kan gebruik om aan te dui: Kyk – Hy is die Seun van God!

Paulus sê dus hy is 'n geroepe apostel wat afgesonder is om die evangelie te verkondig, veral aan die heidenvolke. En sy opsommende beskrywing van die evangelie is, dat dit voortvloei uit die Ou Testament, dit handel oor die Seun van God wat mens geword het en gebore is uit die geslag van Dawid, maar wat terselfdertyd steeds ook die Seun van God is – en alhoewel dit moeilik mag wees om te glo dat die mens Jesus ook die Seun van God is – het dit baie duidelik geword toe Hy uit die dood opgestaan het, en dit is waarvan die Heilige Gees ook getuig.

Let ook op Paulus se besondere en inhoudryke beskrywing van die Here Jesus aan die einde van vers 4: Hy is:

- die Seun van God – Hy is dus God, Hy is een van die drie Persone in die Drie-Eenheid

- Jesus – Dit is die Here Jesus se persoonlik Naam, wat beteken Saligmaker, want Hy verlos Sy kinders van hulle sondes
- Christus – Dit is die Here Jesus se ampstitel, dit beteken Hy is die Gesalfde. Nie net is Hy die Gesalfde Hoëpriester nie, Hy is ook die Gesalfde Koning. Hy is die Gesalfde Priesterkoning!
- Ons Here – Hy is ook die Here van die gelowiges. Hendriksen som dit op en sê die feit dat die Here Jesus Here is, beteken Hy is die gelowiges se Eienaar, hulle Heerser, en hulle Voorsiener.

Kom ons maak opnuut seker ons waardeer hoe kosbaar dit is om die Here Jesus te ken as: Die Seun van God, Jesus Christus, ons Here! Hy is die inhoud van die evangelie.

<u>Hoe Paulus die geliefdes aan wie hy skryf, beskryf (Rom 1:6-7)</u>

In verse 1-5 het Paulus nou duidelik gemaak dat hy 'n geroepe apostel is wat afgesonder is om die evangelie wat handel oor die Seun van God, Jesus Christus, sy Here in besonder aan die heidenvolke te gaan verkondig. Lees nou verse 6-7a. Nou skuif sy fokus na die mense aan wie hy skryf. In vers 6 is dit duidelik dat hierdie mense die gelowiges in Rome is – en hulle is deel van die heidenvolke aan wie hy die evangelie moet verkondig. Hieruit blyk dit weereens dat die gemeente in Rome waarskynlik grotendeels bestaan het uit gelowiges afkomstig uit heidenvolke.

Weereens gebruik Paulus 'n paar terme om hierdie gelowiges uit die heidenvolke te beskryf:

- In vers 7 noem hy hulle "geliefdes van God". Dit onderstreep die begin van die verhouding tussen hierdie gelowiges en God. Hulle is Sy geliefdes. Hy het hulle eerste liefgehad. Geliefdes, dit is ook van ons as gelowiges waar: Ons is geliefdes van God. Dit is ook waar ons verhouding met Hom begin: Hy het ons lief.
- In vers 6 noem Paulus ook dat hulle deur Jesus Christus geroep is. Netsoos wat dit waar is dat God alle gelowiges liefhet, netso is dit ook waar dat alle geliefdes deur Jesus Christus geroep word. Hierdie is 'n saak wat ons later in Romeine in meer detail sal bespreek. Ek gaan volstaan deur te sê as God iemand lief het, sal die Here Jesus die persoon iewers tydens sy lewe roep, en wanneer die Here Jesus roep, is Sy roep effektief – so 'n persoon sal positief reageer op Sy roepstem.
- In vers 7 noem Paulus hierdie gelowiges ook nog "geroepe heiliges". Wel, ons weet nou al die mense is geliefdes en ook geroepenes. Wat Paulus nou byvoeg is dat hulle "heiliges" is. Die klem val hier nie soseer daarop dat hulle nou heilig moet lewe nie (alhoewel dit natuurlik waar is vir alle geroepenes), maar eerder dat hulle deur die Here eenkant gesit is, afgesonder is van die wêreld. Al is hierdie mense nog nie volmaak heilig nie, is hulle reeds heiliges, want hulle is reeds deur die Here afgesonder van die ongelowiges.

Geliefdes, wat waar was van die gelowiges in Rome, is ook waar van ons as gelowiges: Ons is ook geliefdes van God, geroepenes deur Jesus Christus, geroepe heiliges. Hoe kosbaar is dit nie!

<u>Paulus se seëngroet (Rom 1:7b)</u>

Nou bereik ons die einde van Paulus se aanhef, dit is sy seëngroet. Onthou nou alles wat dit voorafgegaan het. Dit is Paulus wat skryf – Paulus die apostel wat juis deur die Here afgesonder is om die evangelie aan heidenvolke te verkondig, juis die evangelie wat handel oor die Seun van God, Jesus Christus, ons Here. Paulus skryf juis aan 'n gemeente uit die heidenvolke, die gemeente in Rome. Alhoewel hulle uit heidenvolke kom, het God hulle lief, het die Here Jesus hulle geroep, is hulle vir Hom afgesonder. Dit is aan hulle wat Paulus skryf: "Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus."

Kom ons besin oor die inhoud van hierdie seëngroet:

- "Genade vir julle": Genade is die Here God se spontane en onverdiende guns in aksie, dit is die ryke betoning van Sy getroue goedheid, dit is hoe Hy volmaakte verlossing skenk aan skuldige sondaars wat hulle tot Hom wend. Nie net voorkom Hy dat hulle die straf ontvang wat hulle verdien nie, maar Hy neem ook hulle skuld weg, en Hy neem hierdie sondaars aan as Sy kinders.
- "Vrede": Die betoning van hierdie genade lei tot vrede. Hulle kan voortaan leef in 'n vredesverhouding met God, hulle kan innerlik daarvan oortuig wees. Sondaars mag vrede hê met die lewende en drie maal heilige God. Dit is daardie vrede wat die Here Jesus aan die dissipels in die bovertrek beloof het: "Vrede laat Ek julle na – My vrede gee Ek julle" (Joh 14:27). Dit is nie 'n wêreldse vrede nie. Dit is 'n vrede wat alle begrip oortref (Fil 4:7) – 'n mens kan nie verstaan hoekom die Here aan sondaarmense so 'n vrede skenk nie. Dit is 'n vrede wat oor die begenadigdes se harte en gedagtes waak. Dit is die vrede wat wanneer jy in 'n krisis tou wil opgooi, jou onstuimige hart rustig maak, wat jou gedagtes kalm maak.
- Hierdie genade en vrede is nie maar net 'n wens wat Paulus uitspreek nie. Nee, hy skryf aan die geliefdes van die Here, aan die deur Jesus Christus geroepenes, aan die geroepe heiliges. Hy seën hulle met die genade en vrede van die Vader – die Vader wat hulle liefhet. En ook met die genade en vrede van die Here Jesus Christus – die Here wat hulle Eienaar, Heerser en Voorsiener is, Jesus wat hulle Saligmaker is, Christus wat hulle Gesalfde Priesterkoning is. Dit is immers juis hoekom die Vader die Here Jesus na die aarde gestuur het, dit is juis hoekom die Here Jesus aarde toe gekom het, dit is juis hoekom die Here Jesus toe Hy opgevaar het die Heilige Gees gestuur het – sodat daar genade en vrede kan wees vir die wat God liefhet en roep en eenkant plaas. Presies hoe hierdie mense deel kry aan hierdie genade en vrede – dit gaan Paulus in detail uitwerk in die res van die brief. Maar hy kan nou al aan hulle die versekering gee: Hulle ontvang genade en vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus.

Ons is ook gelowiges uit die heidenvolke. As ons gelowiges is, is ons ook geliefdes en geroepenes en heiliges. Daarom mag ons ook deel in hierdie seëngroet.

Bykans elke Sondag is hierdie die seëngroet waarmee ons gegroet word aan die begin van 'n erediens. Luister jy nog daarna? Dink jy nog hoe groot die wonder is om te mag deel in hierdie seën? Onthou jy nog hoe groot die prys is wat betaal is sodat hierdie seën 'n werklikheid mag wees? Onthou jy nog dat dit eeue se voorbereiding geneem het vir die Here Jesus om te kom om hierdie seën 'n werklikheid te maak? Onthou jy nog hoe groot jou nood was, hoe donker jou toekoms was, dat jy alleen veroordeling kon verwag? Onthou jy nog dat jy hierin mag deel omdat God jou eerste liefgehad het? Oortref die inhoud van hierdie seën nog enige begrip by jou? Staan jy nog in verwondering oor hierdie seën? Waak dit oor jou gedagtes en jou hart? Of is dit maar net een van die formaliteite wat afgehandel word as deel van die erediens en jy gee nie meer aandag as jy dit hoor nie?

Geliefdes, ek wil jou aanspoor: Kom ons dink oor die groot waarde van hierdie seën. En kom ons gaan Sondag met groot afwagting om hierdie seën bewustelik en dankbaar te ontvang. Ek is oortuig dit sal groot impak hê op die res van die erediens as ons opnuut kennis neem van hoe die Here ons groet.